



Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

5 MEI 2019

STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)

021 975 1044 (jeugkantoor)

021 910 3900 (feesmark)

021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za

navrae@stellenberg.co.za

GEMEENTEBULLETIN

EREDIENSTE

OGGENDDIENS

Liefde wat in daade oorgaan.

Hand. 2:43-47

Gal. 5:6

GESINSDIENS

Deursigtige beskerming.

Gal. 3:1-20

KLOUTERKERK

Liefde wat in daade oorgaan.

Hand. 2:43-47

Gal. 5:6

AANDDIENS

Gemeenskap van die heiliges.

1 Kor 12.

JEUGDIENS

MOVING SPACES

DEURKOLLEKTE

Sien bladsy 2.

5 Mei

09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Visagie	1	Dr. Hanekom	2
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Ackerman	7	Ds. Breytenbach	8
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
09:00	Grootsaal	Klouterkerk	Ds. Breytenbach	-	Geen diens	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Ds. Ackerman	-	Ds. Ackerman	-
19:00	Kapel	Aanddiens	Mike van Deventer	13	Mike van Deventer	11

12 Mei

VOORBIDDING VIR DIE VERKIESING

Op Dinsdag 7 Mei om 18:30 in die kapel doen ons spesiaal voorbidding vir die algemene verkiesing wat op 8 Mei plaasvind. Kom sluit asb. by die gebedsgroep aan. Dié land kan nie sonder gebede hervorm nie.

KINDERBOEKE VIR KORINGBERG

Afgevaardigdes vir die sinodesitting beplan om kinderboeke vir die gemeenskap van Koringberg in te samel. Lidmate wat graag 'n bydrae tot die projek wil maak, kan kinderboeke, nuut of tweedehands, by die kerkkantoor afgee. Leraars en lidmate wat die sinodesitting vanaf 13 tot 16 Mei bywoon, sal dit vir die projek saamneem.

PLANTETAFEL VANDAG 10:00

Die gewilde plantetafel bied vanoggend na die oggenddienste hulle plante te koop aan. Neem 'n plantjie in ruil vir 'n donasie. Alle donasies vir plante is ten bate van ons jeugitreike. Ondersteun asseblief die mooi projek deur die Kweek-vir-die-Here-span.

[ON S L U I S T E R N A G O D]

Bladsy 2

JEUGDAGBOEK

- JUNIOR KLEINGROEPE: Kleingroepe begin om 10:00 na afloop van die eredienste.
- JEUGDIENS 18:00: Kwartaaltema: *SPACES – New space, new life.*
- SENIOR KLEINGROEPE: Na die jeugdiens, vanaf 19:00.
- BLISS: Vir studente en werkende jongmense. Sluit by ons aan op Sondag vanaf 16:15 tot 17:30 en Woensdagaande om 18:30. Nuwe lede is welkom. Kontak die jeugkantoor met navrae.
- *MATRIC MOVEMENT*: Alle matrieks word uitgenooi om by die *Matric Movement* Sondagaande om 19:00 in die kafeteria aan te sluit. Bring jou vriende. Dis slegs vir matrieks.
- UITREIKE 2019: Inskrywingsvorme is op www.stellenberg.co.za.
- JEUG-TOEP: Gaan na die *Google Play Store* of *Apple Store* en soek “Stellenberg”. Laai die toepassing op jou foon af.

DOOP VANDAG

- Andrew en Lettie Beling, Greensleeves 12, Eversdal, laat doop vir Ben Adam Beling.
- Chris en Dominic Rubé, Chapmans slot 36, Pinehurst, laat doop vir Kiki Rubé.
- Edward en Mitzi Smit, Jourdan 40, Oakwood Estate, laat doop vir Allegra Tatum Smit.
- Alecia en Lydia Steenkamp, Pietermaritzburg, laat doop vir Eloise Steenkamp.
- Gerhard en Jenieen van den Heever, Berriesingel 26, Brackenfell, laat doop vir Liam Frederik van den Heever.
- Corné en Pauline van der Merwe, Monte Pescali 4, Sonstraalhoogte, laat doop vir Cornelius Martin van der Merwe.

KATEGESE

KLEINGROEPE VANDAG

- Graad 1: Kleinsaal
- Graad 2 en 3: Grootaal
- Graad 4: Bover trek
- Graad 5 en 6 : Kerk
- Graad 7: Jeuglokaal
- Graad 8: Kerk
- Graad 9: Bover trek
- Graad 10: Grootaal
- Graad 11: Kleinsaal

DEURKOLLEKTE

Khayelitsha-skakeling

Stellenberg doen moeite om met kerkleiers van ander gemeentes verhoudings te bou. 'n Gesamentlike diens saam met VG Kerke en gemeentes in Khayelitsha word dus vir Sondag 2 Junie beplan.

BREIGROEP

Ons kom weer op Maandag 6 Mei om 09:30 in die markplein bymekaar.

LEES DIE BULLETIN OP JOU SELFOON

Indien jy graag die Bulletin weekliks en die Samaritaan maandeliks op jou selfoon wil ontvang, *WhatsApp* asseblief jou naam en selfoonnommer na Sanel by 083 611 4720. Geen groepbesprekings/gemorspos word gestuur nie.

JUNIOR KATEGESE - KOEKVERKOPING

Ondersteun asb. die junior kategese se fondsinsamelingsprojek op Sondag 12 Mei. Dit is die ideale bederfgeleentheid vir mamma op Moedersdag. Nooi haar vir 'n koppie tee of cappuccino en 'n heerlike stukkie koek na afloop van die erediens of kategese.

RETRAITE VIR MANNE 30 AUG - 1 SEPT

Wortelgat 30 Aug tot 1 Sept: Die datum vir die retraite verskuif, omdat die aanvanklike datum in Mei met Moedersdag bots. Bespreek by Lindy: lindy@stellenberg.co.za. Navrae: Retief Ueckerman 082 498 3448, of Callie Visagie 072 385 4368.

VROU-WEGBREEK

Teken die datum vir ons vroue-wegbreek vanaf 9 tot 11 Augustus by !Kwa Ttu, naby Yzerfontein, in jou dagboek aan. Koste: R550 per persoon. Besprekings en betalings by die kerkkantoor, karin@stellenberg.co.za. Volledige inligting sal volg.

ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

Indien jy die Gemeentebulletin (weekliks) en die Samaritaan en Stellenberger (maandeliks) wil ontvang, stuur asb. 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za sodat jou e-posadres op die verspreidingslys geplaas kan word.

MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Thomas Caldo (Tommie) Victor, gebore 13/01/1952 en oorlede op 30/04/2019. Tommie was sedert 1975 'n geliefde en meelewende lidmaat van die gemeente en het voorheen in Springfonteinrylaan gewoon. Ons innige meegevoel aan sy vrou, Jorina, Berriedalesingel 1, Pinehurst, sy kinders Anel en Jamie, Sunet en Freddie, Caldo en Ada asook vier kleinkinders wat hy agterlaat. Sy roudiens is op Dinsdag 7 Mei om 10:00 in die kerk.

EDELWEISS

BYBELSTUDIE

Donderdag 9 Mei om 15:00 en 15:45 uit Filemon: Paulus pleit by die baas vir genade aan sy slaaf!

PREKE OP DIE WEB

Jy kan nou preke van die web aflaai (download) en hoef nie meer aanlyn daarvan te luister nie. Besoek www.stellenberg.co.za en gaan na: luister na preke.

BADISA Sê DANKIE

Die BADISA-sprekkamer in Bellville is baie dankbaar vir die bydraes wat hulle deur die deurkollekte op Sondag 28 April vanaf die gemeente ontvang het. Die BADISA-personeel vra dat ons lidmate namens hulle vir die ruimhartige bydraes bedank.

VAKATURES

Jeugkantoor administratiewe hulp

'n Vakature bestaan vir 'n persoon wat lief is vir jongmense, 'n gelowige is en oor goeie administratiewe en organisatoriese vaardighede beskik. Werksure 12:00 - 15:00 op weksdae, dienswerk op Sondag tydens die jeugdiens (vanaf 17:00 slegs tydens skoolkwartale), asook sporadiese na-uurse verpligtinge soos jeugbedieningvergaderings en kampe.

Navrae en CV's na Sunet Opperman 021 976 4519 en sunet@stellenberg.co.za. Sluitingsdatum: 10 Mei 2019

FINANSIËLE BYDRAES

Die gemeente se werksaamhede is afhanlik van finansiële bydraes deur lidmate en ons vertrou dat alle lidmate bereid is om ook op 'n finansiële wyse by te dra tot Stellenberg-gemeente se visie en bedienings.

Jy kan jou bydrae maandeliks op die volgende wyse gee:

- **Debietorder:** Vra die vorm by die kerkkantoor aan, of stuur 'n e-pos aan navrae@stellenberg.co.za, of laai dit van www.stellenberg.co.za af.
- **EFT-betaling:** Dit kan oorbetal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.
- **SnapScan:** Laai die toep op jou slimfoon af en volg die maklike instruksies. Gebruik die gemeente se skanderingskode om die betaling te maak.
- **Bankkollekte:** Gee jou bydrae tydens eredienste met die opneem van kollekte.



STELLENBERG ONDERSTEUNING- SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

GEBEDSGROEPE

Die volgende gebedsgroepe kom weekliks bymekaar. Skakel gerus in soos dit jou pas.

- Vrouegebedsgroep
Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep
Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep
Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.